**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: SR25/2005

**DIE STAAT**

versus

**HEADMAN Z. NCULO EN ANDERE**

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* CILLIé R

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 10 FEBRUARIE 2005

---

Bogenoemde beskuldigde het as Beskuldigde 1 saam met 3 ander mans in die Streekhof te Sasolburg tereggestaan op altesaam 9 aanklagte. THANDEKHAYO SOBEKIWE was Beskuldigde 2. Laasgenoemde is die enigste beskuldigde wat skuldig bevind is op aanklag 1, synde 'n aanklag van verkragting in omstandighede waar die slagoffer meer as eenkeer deur hetsy die beskuldigde of

‘n mededader of medepligtige verkrag is soos bedoel in Deel 1 van Bylae 2 van die Strafregwysigingswet (Wet no. 105 van 1997). Ingevolge Artikel 52 (1) van die Wet moes die Landdros die verrigtinge na skuldigbevinding gestaak het en die saak na die Hoë Hof verwys het vir vonnisoplegging. Hy het egter vir Beskuldigde 2 gevonnis op aanklag 1 sowel as die ander aanklagte waarop hy skuldig bevind is (aanklagte 2,4,6 en 7). Die Streekhofpresident stuur nou die saak op hersiening ingevolge Artikel 304(4) van die Strafproseswet (Wet nr 51 van 1977) met die versoek dat al die vonnisse van Beskuldigde 2 tersydegestel word en dat ‘n bevel uitgereik word waarkragtens sy saak na die Hoë Hof verwys word vir vonnis.

Dit is duidelik dat daar aan die Streekhofpresident se versoek voldoen moet word. (**S v MAKHUBE** 2004 (1) SASV 99 (T) en Artikels 52A en 52B van Wet nr. 105 van 1997)

Gevolglik word die volgende bevel uitgereik:

1. Die vonnisse van Beskuldigde 2 (THANDEKHAYO SOBEKIWE) op aanklagte 1,2,4,6 en 7 word tesyde gestel.

2. Die verrigtinge word na die Vrystaatse Hoë Hof verwys vir vonnis van Beskuldigde 2 op gemelde aanklagte.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**

/em